# JESUS | *ruik na*

## STOF & SWEET



## Ruik…

**Terwyl julle saam is as groep, gesels oor die ervaring met die oefenklere of vuil wasgoed. Julle kan ook dat elkeen die volgende sin voltooi: "die reuk van stof of sweet laat my dink aan…."**

## Lees

**Lees Lukas 10:1-16**

## Luister

**Begin:**

- Wat het vir jou uitgestaan uit die teksedeelte?

## Gesels

- "Jesus ruik na rose" Wat vertel hierdie aanhaling vir ons oor die beeld wat ons soms van Jesus het?
- "Ons glo in 'n bewegende God, Hy stuur sy Seun, Jesus stuur sy Gees, die Gees stuur ons…" God neem die inisiatief en beweeg na mense toe. Watter ander voorbeelde kry ons hiervan in die Bybel?
- In Lukas 10 lees ons van Jesus wat die 72 mense uitstuur, om namens Hom, voorwerk te doen vir sy besoeke wat nog voorlê. Dink jouself in die skoene van een van die 72 mense in. Wat dink jy was hulle gemoed nadat hulle gehoor het dat:
- a) dit gaan harde werk wees (vers 2),
- b) dit gaan gevaarlik wees (vers 3),
- c) hulle kan niks saamvat vir gerief nie (vers 4 en 8)
- d) hulle gaan heelwaarskynlik verwerp word (vers 6,10,11) ?
- Wat dink jy is die gevolg daarvan as mens die teenwoordigheid van ons God wat nader aan ons beweeg, wegwys?

**Gesels verder:**

- “Stof en sweet het daarmee te doen dat God heeltyd beweeg…God wandel…God se troon het wiele…twee derdes van die woord “God” bestaan uit “Go”. Was daar al tye wat dit vir jou voorgekom het of God stilstaan en nie meer beweeg nie? Vertel mekaar daarvaan.
- “Ons geloof kan staties wees, sonder beweging” Hoe dink jy lyk ‘n statiese geloof? Hoe verskil dit van ‘n bewegende geloof? Hoe kom ‘n statiese geloof weer tot beweging?
- “Hy nooi ons – ons gaan!” Het jy al ooit beleef die Here roep en stuur jou? Vertel van jou ervaring.
- “Soos jy gaan, preek” Dit gebeur min, indien ooit, dat ons ‘n uitgewerkte reisplan van die Here af kry oor waarheen Hy met ons op pad is. Hoe beïnvloed hierdie onvoorspelbaarheid van die reis jou geloof in Christus?

# Wandel

**Wandel self**

- Plak hierdie week se stof/sweet-plakker op die yskas. Elke keer wanneer jy die plakker sien, sê vir jouself “Ek het vrede, want die Here is naby.”
- Sou jy sê jy het ‘n statiese of bewegende geloof? Vra vir die Here om vir jou te wys wat is die volgende treë op jou geloofspad.

**Wandel saam**

- Beplan ‘n staptog saam as groep of ander vriende. Dit kan kort wees bv om die dam gaan stap, of ‘n langer een soos om ‘n naweek-staproete aan te pak.
- Is daar ‘n situasie in jou lewe wat vrede en die Here se teenwoordigheid benodig? Vertel mekaar daarvan. Onderneem om vir mekaar te bid.

# Bid

Deel julle gebedsversoeke met mekaar. Bid vir mekaar.
Julle kan ook die volgende gebed saambid:

Wanneer julle mekaar groet, seën mekaar met die woorde: “Vrede vir jou, die Here is naby.”